# 'N KYK NA NEL ERASMUS SE JAZZ BABY/SPENT AUTUMN AS DIE LEWE VAN VORME

ANTOINETTE L THERON
Departement Bedryfsielkunde
Universiteit van Suid-Afrika
Pretoria

Henri Focillon beskryf die dinamiek van kunswerke in terme van onderskeie vormdimensies. Sy benadering word as 'n oriëntasie beskou waarvolgens Nel Erasmus se werk *Jazz Baby/Spent Autumn* geïnterpreteer kan word.

Henri Focillon describes the dynamics of works of art in terms of distinctive dimensions of form. His approach is viewed as an orientation for interpreting Nel Erasmus' work *Jazz Baby/Spent Autumn*.

Die titel van die artikel is ontleen aan die titel van Henri Focillon se boek, *La vie des formes* (1934). Focillon meen die vitaliteit van 'n kunswerk spruit uit die lewe inherent aan abstrakte vorme. Elke vorm het 'n outonome, intieme ontwikkelingspotensiaal wat onbeperkte metamorfoses kan ondergaan. Die transformasie asook die interaksie van vorme bepaal die lewe van 'n kunswerk (Focillon, aangehaal in Kleinbauer 1971).

Nel Erasmus (1991, mededeling) beskou Focillon se menings as grondig vir haar kunsbeskouing.

In *Jazz Baby/Spent Autumn* skep sy 'n dinamiese wisselwerking van vorms in die ruimte, wat met die eerste oogopslag kompleks en moeilik 'leesbaar' is (afbeelding 1). Die kunstenaar dui self aan dat 'n skildery op verskeie wyses geïnterpreteer kan word. "As 'n skildery net een leesvlak het, sou dit maar 'n arm werk wees. 'n Skildery is 'n gesprek tussen die kunstenaar en die medium, asook 'n kontakmaking met die onderbewuste" (Erasmus, aangehaal deur L. Liebenberg, *Oggendblad*, 12 Mei 1979).

Focillon gun ook die waarnemer 'n groter mate van subjektiwiteit in die interpretasie van 'n kunswerk. Hy sien 'n kunswerk as 'n geheel waarin vorm en inhoud ineenvloei. Dit kan enersyds 'n outonome werking hê deurdat dit iets in sigself bevestig. Andersyds kan dit die 'energie' van die universele verteenwoordig. Beskou as 'n universele geheel, betrek dit die waarnemer as deel van die geheel. Hy bestaan self in die lewe van die vorme en is dus vry om volgens sy eie verwysingsraamwerk en doelstellings te interpreteer (Focillon 1934).

Focillon (1934) beskryf die lewe van die vorme as spruitend uit


die wêreld van die vorme
vorme in die ruimte



Afbeelding 1. Nel Erasmus: *Jazz Baby/Spent Autumn* (1991). Akriel op papier op bord, 100 X 68cm. Bloemfontein: Oliewenhuis-kunsmuseum.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



Afbeelding 2. Nel Erasmus: *Woestyn-Ophelia* (ca. 1980). Reproduksie in *Lantern*, Vol. 36, 1987.

vorme in die materie
vorme in die tyd
vorme in die gees.

Hierdie terme suggereer, ongeag Focillon se besondere beskouings daarvan, terme waarvolgens ons na Nel Erasmus se werk kan 'kyk'.

## DIE WÊRELD VAN DIE VORME

Die vorme van *Jazz Baby/Spent Autumn* ontstaan soos 'n Nabi-skildery van die vroeg twintigste eeu uit die plat vlak van die skilderbord.[1] Dit word 'n wêreld van vorm deur swart, grys en taan kalligrafiese kwasmerke. Kalligrafie is die simboletaal van vorme wat kommunikasie deur middel van letters en woorde vervang. Die vorms is vry van die beperkings van maatstaf, kompas en vierkant (Osborne 1970).

Nel Erasmus beskou kalligrafie as 'n wyse van vereenvoudiging waardeur die essensie van 'n objek of subjek aangedui kan word. 'n Kwasmerk is gelyktydig lyn en vorm. Dit het 'n



Afbeelding 3. Nel Erasmus: *Acquiescence* (ca. 1971). Reproduksie in Lantern, Vol. 36, 1987.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

inherente verwysing na iets wat vir ons bekend is. Dit is 'n teken wat mens laat vry voel, want dit is 'n nie-beperkte plooibare vorm wat kan oopbreek, verskiet en nooit 'n cliché word nie (Erasmus 1991, mededeling).

In *Jazz Baby/Spent Autumn* suggereer 'n swart Y-vormige merk bo in die middel van die prentvlak 'n proses van oopgaan, van wording en verandering. Dit geld as outonome vorm, maar bly steeds in verhouding tot die vorme van die omringende ruimtes. Die verhoudings suggereer 'n proses van meelewing, waarin inhoude ineenvloei en verander. As sodanig is dit analoog aan 'n improvisasieproses in jazzmusiek, waarin spontaneïteit en virtuositeit vorm gee aan 'n eklektiese harmonie.

Die geheel kommunikeer iets wat meer is as die dele – dit dui op die ontplooiingspotensiaal van die mens se leefwêreld waarin die vorme van sy ervarings met metamorfoses gepaard gaan. Die ervarings het elk 'n selfstandige bestaansreg, maar word ook relatief tot mekaar gedefinieer. As sodanig beskou, het die psige 'n parallel in die verskillendheid, dog gebondenheid van die siklus van die natuur. Soos die volheid en verwording van die herfs gevolg word deur winterrus, waarin weer die vorme van die lente implisiet skuil, suggereer *Jazz Baby/Spent Autumn* gedaanteverwisselings wat met psigiese groei in die lewensiklus gepaard gaan.

Die ongeskilderde ruimtes op die prentvlak dra saam met die kwasmerke by tot die lewe van die vorme. Dit suggereer potente momente van stilte of rus, wat die ekspressiwiteit van die geheel beïnvloed. Saam met die verskillende tonale graderings en diktes van die verf dui hierdie areas basies op verandering as 'n lewensbeginsel per se.

## VORME IN DIE RUIMTE

Die onderskeid tussen voor- en agtergrond word opgehef deur die lewe van die kwasmerke. Ruimtes word geskep deur die spasiëring van vorme. Dit suggereer 'n spel van vorme analoog aan die spel van die mens in sy lewensruimtes. Ruimte word wesenlik die omgewing van die subjek namate "[...] it delights in the scattering of volumes, in the interplay of voids, in sudden and unexpected perforations [...]" (Focillon 1989: 11).

Soos die vorme onderling, is die ruimtes relatief tot mekaar. Hulle oorvleuel en dring mekaar binne. Oop ruimtes word toe ruimtes en omgekeerd. Dit suggereer 'n durende lewensproses, waarin transformasie die verloop bepaal.

Transformasie gaan gepaard met 'n loslating van energie, wat ook aan omringende ruimtes lewe gee. Dit word gesuggereer deur die saamgestelde swart vorm wat vertikaal in die middel van die prentvlak beweeg en kulmineer in die oopgaande kolkvorm. Die energie wat hierdeur vrygestel word, laat die ruimtes verander na "[...] space that yields freely to the expansion of volumes [...] these move out into space and there spread forth even as do the forms of life" (Focillon 1989: 79). In dié terme beskou, dui *Jazz Baby/Spent Autumn* op die ontvanklikheid vir lewe.

Die vorme in die ruimte herinner die waarnemer aan Wassily Kandinsky se siening van vorme as 'n ekspressie van innerlike gewaarwordings. In hulle verskeidenheid is vorme ekspressies van die onbegrensde vryheid van die mens wat op geestelike vlak vry word van die beperkings van tyd en tradisie (Kandinsky 1982). As sodanig beskou, dui *Jazz Baby/Spent Autumn* op die mens se gereedheid om nuwe lewensruimtes te betree – ruimtes vry van oorsaak of antesendent.

## VORME IN DIE MATERIE

Focillon meen 'n kunswerk kry eers bestaansreg as die lewe van vorme in materie bestaan. Vorm en materie is nie wesenlik skeibaar nie – beide betrek aspekte soos kleur, lig, gewig en digtheid (Focillon 1989). Dié aspekte word in die skildery gesuggereer deur kleurkontraste en tekstuurverskille van die verf.

Die verskeidenheid van die kwasmerke bied 'n analogie aan die regenerasie wat in die natuur plaasvind. Ons kan behoudende vorms waarneem, kontinue deursigtige vorms, vorms in rus of vorms wat "[...] seem to wallow and roll in an element that is never quiescent" (Focillon 1989: 99).

Die newestelling en teenstelling van vorms gaan met spanning in die materie gepaard. In die skildery word spanning verhoog deur die verandering van die swart vertikale spiraalvorm wat in die middel van die prentvlak oorgaan na 'n meer lywige hoekige vorm, wat die oog verder stuur in die rigting van die Y-vorm. Hierdie vorm is op sigself 'n metamorfose van vorm – dit begin as 'n lyn en eindig as 'n kolk. In terme hiervan suggereer *Jazz Baby/Spent Autumn* die daadwerklike totstandkoming van nuwe lewensmaterie, dít is nuwe psigiese vorm.

## VORME IN DIE TYD

Die metamorfose van vorme impliseer 'n element van opeenvolging wat 'n kenmerk van tyd kan wees. Die relatiwiteit van vorme tot mekaar suggereer egter 'n samespel van vorme analoog aan 'n bewussynstroom waarin verlede, hede en toekoms saamvloei en grense van tyd verbygaan.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Deur die gebruik van die kwasmerke as vrye vorme, dui *Jazz Baby/Spent Autumn* in terme van tyd op die opeenvolging óf die naasbestaan van verskillende eksistensiële toestande. As sodanig beskou, word dit 'n simbool van alle vernuwings wat in die lewe plaasvind, ongeag die chronologiese volgorde.

Focillon meen dat tyd net bestaansreg kry as dit ervaar is (Focillon 1989). In die skildery dui die sentrale swart vorme op 'n opwaartse stuwing wat wegkom van die swaartekragtelike. Dit suggereer 'n soeke na ewewig en hierdie ewewig kan as 'n moment van vrywording van die grense van tyd ervaar word.

## VORME IN DIE GEES

Die vorms in die ruimte, die materie en die tyd is gesamentlik 'n projeksie van die vorme in die gees. Die kunstenaar vergestalt haar intrinsieke ervaring deur die spontane aanwending van kwasmerke. In hierdie vergestalting word die geheel meer as die verhoudings van die dele – dit is die draer van geestelike betekenis.


As konseptuele vertrekpunt gebruik Nel Erasmus die menseliggaam as draer van die geestelike. Sy gebruik dit soos dit in die geskiedenis van kuns 'n belangrike interpretasiebron geword het, naamlik as 'n integrale komponent van artistieke en estetiese ervaring (Lipman, aangehaal in Kleinbauer 1971). Dit blyk uit ander werke van die kunstenaar. In *Woestyn-Ophelia* disintegreer 'n vroulike figuur in sand, analoog aan psigiese wording/verwording (afbeelding 2). In *Acquiescence* word die vroulike liggaam die draer van die kruis, met die simboliek van lyding en opstanding daarin opgeteken (afbeelding 3). In *Beached Swimmer* word die liggaam 'n simboliese abstraksie wat deur 'n maalkolk verswelg en vervorm word. Dit suggereer die transendensie van die liggaam na die geestelike (afbeelding 4).

*Jazz Baby/Spent Autumn* bied 'n kulminasiepunt waarin die gees daadwerklik vry is. Dit kan aan 'n Dionisiese "celebration of life" gelyk gestel word. Friedrich Nietzsche beskryf dit as 'n transfigurasieproses van vormsuiwering – dit gaan gepaard met vrywording waardeur die lewensbeginsel as sulks bevestig word (Degenaar 1986).

In *Jazz Baby/Spent Autumn* is tema en tegniek 'n integrale strukturele eenheid. Kwasmerke skep 'n dinamiese totaliteit wat Focillon meen die waarnemer ook insluit. Die wyse waarvolgens die waarnemer na die skildery kan kyk, is die wyse waarvolgens die kunstenaar die lewe van die vorme uitbeeld. Haar vorms is soos Focillon vorme beskryf: "Elle est particulière, locale, individuelle, et elle est témoin universelle" (Focillon 1934). Vorme bestaan in die besonder, nou, hier, op individuele wyse, maar verteenwoordig ook die universele. Die mens is deel van die lewe van vorme – die vorme van die spesifieke en die algemene, die tydelike en die ewige.

## AANTEKENING

1. Die Nabis was 'n groep kunstenaars wat in 1908, toe die Académie Ranson gestig is,



Afbeelding 4. Nel Erasmus: *Beached Swimmer* (ca. 1986/87). Akrielverf op doek, 78,5 X 143,5cm. Pretoria Kunsmuseum.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

daar onderrig gegee het. Nel Erasmus het tussen 1953-55 aan die Académie Ranson studeer, waar sy blootgestel is aan die benadering van die Nabis, waarvolgens die ateljee nog geskoei was. "Nabi" is die Hebreeuse term vir "geesdriftige" of "profeet". Die Nabis wou profete of verspreiders wees van die kuns wat deur Gauguin ingelui is. Die klem het geval op die vlakpatroontegniek wat eie is aan die vlakpatroon van die Japanese prent. Die benadering word geïllustreer in Maurice Denis se stelling aangehaal deur Nel Erasmus (1972): "'n Skildery voordat dit 'n perd, 'n naakte figuur of 'n anekdotiese onderwerp is, is hoofsaaklik 'n plat oppervlak bedek met kleure wat in 'n sekere volgorde gerangskik is [...]."

## BIBLIOGRAFIE


Degenaar, J. 1986. *Art and the meaning of life*. Cape Town: University of Cape Town, Dept. of Adult Education & Extra-Mural Studies.

Erasmus, N. 1972. Pierre Bonnard. *Lantern*, 10: 28-31.

Focillon, H. 1934. *La vie des formes*. Paris: Presses Universitaires de France.

Focillon, H. 1989. *The life of forms in art*. Translated by C.B. Hogan and G.Kubler. New York: Urzone.

Kandinsky, W. 1982. *Complete writings on art, Vol 1 (1901-1921)*. Ed. by K. Lindsay and P. Vergo. London: Faber & Faber.

Kleinberger, W. E. 1971. *Modern perspectives in Western art history*. New York: Holt, Rinehart & Winston.

Osborne, H. 1970. *The Oxford companion to art*. London: Oxford University Press.




Digitised by the University of Pretoria, Library Services